Die Koringaar



NG Kerk Koringberg

18 Oktober 2020

Nagmaal. Teks: Titus 3:1-8

"ons was haatlik en het mekaar gehaat"

"ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat." –Titus 3:3

Met die optogte in ons land tans vra mens jouself weer opnuut af hoekom dinge so in ons land gaan. Hoe kan die moordenaars van Brendin Horner dit oor hulle harte gekry het om hom so wreed te vermoor? Hoe kry die politici dit reg om so maklik haat aan te blaas? Paulus se antwoord hierop is: "maklik". Want van nature is ons haatlik en haat mekaar. Van nature sê die Heidelbergse Kategismus is ons geneig om God en ons naaste te haat. Van wie praat Paulus en die Kategismus hier? Praat dit net van die moordenaars van Brendin Horner? Praat dit net van Julius Malema? Nee die Woord sê: *"ons was ook vroeër."* Christene was ook vroeër. As jy dit nog nie kan sien nie, is jy nog blind en kan die evangelie jou nie baat nie. Wanneer die Heidelbergse Kategismus van ons sê dat ons geneig is om God en ons naaste te haat, is dit nie 'n oordrywing nie. Daar is altyd weer mense wat sê dat dit nie waar is en dat dit onbillik is om só swartgallig oor dié mens te dink. Ons moet ons in sulke sake deur die Bybelse boodskap van die verdorwenheid van die menslike hart laat lei. En die Bybel leer duidelik dat ons haatlik is en mekaar haat.

So wat kan haters verwag van God af? Sy oordeel. Sy wraak. Hy wil jou oordeel en in die ewige verderf stort. Dit is ook waar van jou, hoe goeie mens jy ook al mag dink jy is. Miskien vra jy dan: Maar is daar dan geen hulp nie? Is daar geen hoop vir 'n haatlike soos ek nie? Geen manier om hiervan verlos te word nie? Op hierdie vraag antwoord die Woord vanoggend.

VOORBIDDING EN VERJAARSDAE

Ons dink in ons gebede aan almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling. Voorbidding word veral ook gevra vir die oestyd.

Basaar: Ons wil elkeen dan wat bygedrae het om van ons 'basaar maand' 'n groot sukses te maak. Ons insameling staan tans op R144 183.96 met nog 'n paar betalings en beloftes uitstaande. Maak gerus 'n laaste bydrae.

Verjaarsdae: 15/10 – Komien van der Westhuizen, 19/10 – FC Rust, 20/10 – Esther Warnich, 22/10 – Christina Lubbe, 24/10 – Bregda Mostert

Ons wil graag by vanoggend se Nagmaal al die nuwe lidmate verwelkom wat voor, tydens en na die grendeltyd by ons aangesluit het: Peter en Carolyn Fourie; Ian en Else Blankner; Lionel en Elwa Albridge; Rian en Thania Viljoen; Danie, Annemarie en Wilmari van der Merwe.

GEMEENTEBEDIENING

Kategese: Gaan weer uit vanoggend net na die kindermoment.

Jongwerkendes Bybelstudie: Woensdag die 21de Okt. om 18:30

Biduur: het nog nie weer hervat nie

WhatsApp: Om deel van die gemeente se WhatsApp groep te wees kontak asseblief die kerkkantoor

Teebeurte: Almal wat bereid is om tee te maak en te bedien na die diens kan asb. vir Karin Theron kontak (082 578 2294).

Gasvryheid: As jy bereid is om die Koringaar nuusbrief by die deure uit te deel voor die diens, kontak asb. vir ds. Nel .

BARMHARTIGHEID

Sopkombuis: 2 dae per week vir voorskoolse kinders in gemeenskap. Skenkings is altyd welkom, kontak vir Hester Truter (082 436 8987) vir navrae.

Kosbank: Kospakkies vir behoeftiges in ons gemeenskap. Kontak vir Andrea Truter vir enige navrae (082 328 1089) hieroor.

Klerebank: Skenkings vir klere, skoene en komberse om onder behoeftiges te versprei is welkom. Kontak vir Bregda Mostert (083 597 0091)

Dagsorg : Ons vroeë kinderontwikkeling projek by die POP sentrum. Kontak vir Peter Fourie vir navrae (082 862 8686).

ACVV: Die senior burger koringklub fokus op weeklikse programme vir senior burgers in ons gemeenskap. Kontak asb. vir Lize Steyn (082 263 9434) vir navrae.

Nal'ibali: Ons gemeenskap leesprojek vir kinders. Kontak vir Lize-Maré le Roux (061 109 9336) vir navrae.

TAFELGESPREK: Heidelbergse Kategismus Sondag 2

Vraag: Waaruit ken jy jou ellende?
Antwoord: Uit die wet van God (a). (a) Rom 3:20.

Vraag: Wat eis die wet van God van ons?
Antwoord: Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete (a). (a) Deut 6:5; Lev 19:18; Mark 12:30; Luk 10:27

Vraag: Kan jy dit alles ten volle nakom?
Antwoord: Nee (a), want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (b). (a) Rom 3:10, 20, 23;1 Joh 1:8, 10. (b) Rom 8:7; 2:3; Tit 3:3; Gen 6:5; 8:21; Jer 17:9; Rom 7:23.

NG Kerk Koringberg

FNB Rek. no. 621 390 582 27

Kerkraad:
Dorp: ouderling Flip Botes (083 633 2662) & diaken Emden Vosser (083 655 2414).
Hooggeleë : ouderling Kobus Dippenaar (082 897 2490) & diaken Marnus Engelbrecht (083 659 8327).
Bergrivier: ouderling Andre Kritzinger (078 255 8245) & diaken Ryno Olivier (083 411 0312)
Klipvlei*:* ouderling Christoff Truter (083 346 4912) & Barend Brand (076 372 1010).
Leraar: Ds. Jaco Nel: Pastorie: 065 576 2986; Epos: nelpetrusjacobus@gmail.com.

Kommissie voorsitters:
Vrouediens: Adèle du Toit (083 954 9524)
Plaaskommissie: Arnold Brand (083 285 7812)

Personeel:
Skriba/ kassiere**:** Lize Steyn: Sel: 082 263 9434; Epos: ngkkoringberg@gmail.com
Koster**:** Gert de Waal: 078 375 9549
Faktotum: Mirriam du Plessis: 082 743 6617

Kerkkantoor oop Woensdae 13:00 – 17:00

Facebook: www.facebook.com/Koringberg-NG-Kerk
YouTube:https://www.youtube.com/channel/UCjaQ6UcJD5cXacPelwytykw/ (Koringberg NG Kerk)
Webtuiste: koringberg.ng.org.za